# DIE MATE EN GEWIGTE VAN DIE VRYSTAATSE REPUBLIEK

## I. *Historiese Oorig**

Verskeie stukke wat van groot historiese waarde is in soverre dit die Republiek van die Oranje-Vrystaat betref, is na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), as oorlogsbuit deur vreemdes weggevoer. Op dieselfde wyse het ook die oorspronklike mate en gewigte van die eertydse republiek, verstrooid en verlore geraak.

Sedert die vroegste dae van die menslike bestaan, is 'n uniforme standaard van mate en gewigte beskou as die eerste vereiste vir gesonde handelsverkeer. In Engeland is dit bv. reeds deur die *Magna Carta* bepaal. Gebaseer op 'n primitiewe standaard, het elke eertyds Europese volk of gemeenskap, hul eie reeks mate en gewigte opgebou, met die doel om 'n gesonde basis vir handeldryf te skep. Die doel was duidelik: om te weeg en te óórweeg, om te handel en te ónderhandel.

Tydens die bewind van die Verenigde Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (V.O.C.) aan die Kaap, was dit vanselfsprekend dat hierdie liggaam, wat op suiwer handelsbeginsels gebaseer was, die Hollandse mate en gewigte hier te lande sou instel. Reeds in April 1657 het kommissaris-generaal Van Goens aan Jan van Riebeeck opdrag gegee om geen ander mate en gewigte te gebruik as dié wat in die Vaderland in gebruik was nie.

As mate is gebruik die el (28 duim), skepel (50 lb.), mud (200 lb.) en die ou gelling. Ten opsigte van die meet van grond, is 12 Rhynland duim in 1 voet, 12 voet in 1 roede, 2,000 roede in 1 myl en 600 vk. roede in 1 morg neergelê.

Aangesien die V.O.C. 'n handelsmonopolie aan die Kaap gehad het en sy store in die Kasteel die enigste handelsentrum was, was daar van owerheidsweë gedurende die eerste paar jaar van die nedersetting se bestaan, geen behoefte aan 'n ondersoek na en yking van die mate en gewigte nie.

Met die vinnige groei en ontwikkeling van die boerderybedryf en die uitbreiding van die huurpagstelsel na private persone, het die gereelde ondersoek na en yking van die bestaande mate en gewigte egter onvermydelik geword. Die outoriteite aan die Kaap het dus periodiek kennis gegee dat alle persone wat mate en gewigte in hulle besit het, dit op 'n bepaalde datum en plek byeen moes bring met die doel om dit te laat ondersoek en yk.

Na die Britse anneksasie van die Kaap, het die Hollandse mate en gewigte om politieke en handelsredes, nog vir die volgende vyftig jaar in gebruik gebly. Die kwessie van die vervanging van die Hollandse met die Engelse mate en gewigte, is vir die eerste keer in 1837 te berde gebring. (Die Groot Trek was toe reeds in volle gang.)

* Hierdie *Historiese Oorsig* is 'n verwerking van 'n dokument opgestel vir Sy Edele die Administrateur van die Oranje-Vrystaat deur dr. J. J. Oberholster, senior lektor in Geskiedenis aan die U.O.V.S., en word met die toestemming van beide here gebruik.

Uit 'n ondersoek na die toename in die getal Maleiers, wat as karweiers en handelaars sake gedoen het sonder dat hulle as sodanig geregistreer was, is gevind dat die bestaande stelsel verwarring geskep het en 'n geleentheid tot ernstige misbruike in die hand gewerk het. Ten spyte hiervan is daar eers in 1848 deur die prokureur-generaal opdrag gegee om 'n ordonnansie vir die regulering van mate en gewigte op te stel.

Na raadpleging van sommige instansies, is aanbeveel dat die Engelse stelsel van mate en gewigte dwarsdeur die Kolonie aangeneem moes word; dat die Engelse jaart die Hollandse el moes vervang, die imperiale gelling die bestaande gelling en dat die bestaande mate ten opsigte van die meet van grond onveranderd moes bly.

In ooreenstemming met sy opdrag, het die prokureur-generaal 'n ordonnansie opgestel, maar dit is nooit gepromulgeer nie. Eers in 1858 is 'n wet ter regulering van mate en gewigte in die Kolonie van die Kaap die Goeie Hoop aangeneem. Hierdie wet het al die ou Hollandse mate en gewigte herroep en instede daarvan is die standaard jaart, die standaard pond, die standaard gelling, en die standaard boesel ingestel soos onderskeidelik deur 'n wet van die Britse Parlement omskryf is.

Dié wet het ook bepaal dat, vir die doel van ondersoek en yking, daar modelle van die standaard mate en gewigte vanaf Engeland verkry moes word.

Met die trek van die Hollandse veeboer oor die Oranjerivier, het hy die ou Hollandse mate en gewigte, waaraan hy gewoond was tydens sy verblyf in die Kaapkolonie, saamgeneem. Feitlik net 'n ruilhandel het bestaan en akkuraatheid was dus nie van wesenlike belang nie.

Feit is dat die „onder-gewig" en „kort-mate" van die ou legendariese smous, in 'n baie fyn kuns ontwikkel het. Selfs toe die eertydse smouse deur permanente handelsposte vervang is, het die ernstige misbruike van mate en gewigte voortgeduur. In baie gevalle het hierdie misbruike meer ooglopend geword en afmetings aangeneem wat gegrens het aan bedrog van die ergste graad, want naas die ou Hollandse mate en gewigte is die Engelse stelsel ook ingevoer om nog groter verwarring onder oningeligdes te veroorsaak. Verwarring en korrupsie was aan die orde van die dag en handelaars het gefloreer in hul ywer om die produsent van die sweet van sy aanskyn te beroof.

G. A. Fichardt, 'n welbekende handelaar van Bloemfontein gedurende hierdie tyd, het o.a. geskryf: „A clerk who could not make a 200 lb. sack of meal weigh 180 lbs. and a bale of wool of 475 lbs. 425 was a fool and not worth his salt. This was the standard by which a good or inferior clerk was judged. A clerk's boast then was that he made more than his salary by the short weight of wool and other produce purchased from farmers . . . Business all over the country was conducted on most objectionable principles."

Gedurende die tydperk van die Oranjerivier-Soewereiniteit, is niks daaraan gedoen om die posisie reg te stel nie.

In die verlede is dikwels al beweer dat die Republiek van die Oranje-Vrystaat 'n modelstaat was. Sedert die vroegste dae het die Republikeinse regering die noodsaaklikheid daarvan besef dat die bestaande mate en gewigte aan voortdurende ondersoek en yking onderworpe moes wees. In die Ordonnansie vir die stigting van munisipaliteite, is dit dan ook bepaal dat dit die funksie van hierdie liggame sou wees.

Die jong Republiek het egter met soveel probleme te kampe gehad dat daar voor 1867, geen aandag geskenk is aan 'n standaard vir mate en gewigte nie. Gedurende die loop van 1867 is daar egter verskeie versoekskrifte by die Volksraad ingedien waarin gevra word om die instelling van standaard mate en gewigte en vir die uitoefening van 'n behoorlike kontrole daaroor. Die belangrikste versoekskrif in hierdie verband, was van Smithfield afkomstig.

Gedurende die Volksraadsitting van Junie 1867, het die Volksraad die instelling van standaard mate en gewigte deeglik bespreek. Feitlik al die lede het die beginsel aanvaar dat 'n standaard stelsel ingestel moes word, maar daar het 'n groot verskil in opinie bestaan oor die vraag of die Hollandse of Engelse stelsel aangeneem moes word. Ten einde laas is daar besluit dat president J. H. Brand 'n konsep-ordonnansie moes opstel, wat dan in die staatskoerant gepubliseer moes word. Langs dié weg sou die openbare mening dan getoets word.

President Brand se aandag is egter deur die Basoeto-oorloë in beslag geneem en hy was dus nie in staat om die opdrag uit te voer nie. Gevolglik is die hele aangeleentheid weer tydens die Volksraadsitting van Mei 1868 te berde gebring. Gedurende dié sitting is daar toe besluit om die Engelse stelsel te aanvaar, hoofsaaklik op grond daarvan dat die Republikeinse regering sy buskruit van Engeland gekoop het.

'n Ordonnansie, gebaseer op die wet ter regulering van mate en gewigte in die Kolonie van die Kaap die Goeie Hoop van 1858, is opgestel en gepubliseer. Eers op 1 Februarie 1877 het hierdie Ordonnansie wet geword. Hiervolgens is die mate en gewigte wat in die Kaapkolonie in gebruik was, ook as die standaard van die Republiek van die Oranje-Vrystaat aangeneem.

Om 'n behoorlike kontrole te hou oor die gereelde ondersoek na en yking van die mate en gewigte, is aan die regering opgedra om verskeie modelle daarvan te verkry. Hierdie modelle moes van 'n metaal gemaak word wat die beste weerstand teen die atmosferiese uitwerking en normale slytasie sou bied.

Weens 'n gebrek aan fondse, is die wet nie gepromulgeer nie en uiteindelik het dit weer in 1874 voor die Volksraad gedien. Na 'n lang bespreking, is die president versoek om 'n aantal volledige stelle mate en gewigte te bestel. Op 18 November 1874 het die president aan die heer P. J. Blyth, die agerende konsul-generaal van die Republiek van die Oranje-Vrystaat in Londen, geskryf en hom opgedra om die voorgestelde modelle van die maatskappy Potter te verkry. Die vervaardiging van dié modelle het byna 'n jaar geneem.

Op 15 September 1875 het Blyth aan president Brand geskryf dat

die eerste ses stelle mate en gewigte met die stoomskip *Syria* aan die Republiek se agente, W. Anderson & Kie., in Port Elizabeth, gestuur is. 'n Maand later is die ander agt stelle ingeskeep deur die *Tenton*. Die totale koste verbonde aan die veertien stelle in Bloemfontein gelewer, het £1,096/11/1 (R2,193-11) beloop.

Van hierdie modelle is een stel in die kantoor van die tesourier-generaal geplaas. Daar is dit in 'n kis met twee verskillende slotte bewaar. Een sleutel is deur die goewerments-sekretaris en die ander deur die tesourier-generaal bewaar.

Hierdie stel is beskou as die oorspronklike en werklike standaard en is slegs gebruik vir die toetsing en yking van die ander stelle wat in die Republiek versprei is. Die ander dertien stelle is op versoek aan verskillende munisipaliteite gegee en sorgvuldige regulasies is opgestel insake die gebruik daarvan. Deur die strenge toepassing van die wet en genoemde regulasies, het wanpraktyke spoedig verdwyn.

Met enkele wysigings (bv. die oorplasing van die plig van ondersoek en yking na die landdroste in 1899), het die wet van 1869 in die Oranje-Vrystaat tot 1922 van krag gebly. Gedurende hierdie jaar is daar 'n wet deur die Unie-Parlement aangeneem, waardeur die Suid-Afrikaanse eenhede van mate en gewigte in ooreenstemming gebring is met die interansionale eenhede, soos in 1875 deur die Internasionale Konferensie in Parys aangeneem is. Die bestaande wette is herroep en die ou standaard van die Oranje-Vrystaat het in onbruik verval.

Aangesien hierdie mate en gewigte van buitengewone historiese waarde en terselfdertyd mooi afgewerk en baie aantreklik was, het daar 'n groot aanvraag daarna ontstaan. Die gevolg was dat die oorspronklike stelle ná die Tweede Vryheidsoorlog as eenhede opgebreek en dwarsdeur die wêreld as aandenkings en museumstukke versprei is. Vandag bestaan daar geen volledige stel in die Oranje-Vrystaat nie.

## II. *Die Skenking*

Op 19 September 1961 het dr. P. S. Rautenbach van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, in 'n skrywe aan Sy Edele mnr. J. W. du Plessis, Administrateur van die Oranje-Vrystaat, o.a. die volgende meegedeel: „. . . toe ek 'n besoek aan die Rand Club, Johannesburg, gebring het, is aan my die oorspronklike stel Gewigte en Mate (in koper en geelkoper) van die Oranje-Vrystaat, 1875, getoon. Daar is twee koperstelle mate, wat, soos ek verneem, oorlogsbuit is. Ek voel oortuig dat indien u in u ampshoedanigheid hierdie Gewigte en Mate vir die Vrystaat aanvra, dit moontlik aan u geskenk sal word."

Die Administrateur het hierdie wenk opgevolg. Terwyl hy op 26 Oktober 1961 vir amptelike sake in Johannesburg was, het hy 'n besoek aan die *Rand Club* gebring om die artikels te besigtig, en daarna het hy op 'n diplomatiese wyse te werk gegaan om dit vir die Oranje-Vrystaat te verkry.

Hy het nl. 'n dokument (soos verwerk in Deel I) laat opstel oor die

geskiedenis van die Republikeinse mate en gewigte, dit op 7 Desember 1961 aan die sekretaris van die *Rand Club* gestuur en die hoop uitgespreek dat die lede van die komitee dit interessant sou vind. Verder het hy om inligting gevra oor hoe die stukke in besit van die *Rand Club* gekom het en ook sy waardering uitgespreek oor die treffende wyse waarop hierdie mate en gewigte deur die *Club* in een van sy lokale uitgestal is en die oënskynlike goeie sorg wat daaraan bestee word. Terloops het hy gemeld dat daar geen volledige stel in die Vrystaat bestaan nie.

Die reaksie was gunstig. Op 29 Januarie 1962 het die sekretaris van die *Rand Club* 'n skrywe aan die Administrateur gerig: „In opdrag van die Trustees van die Rand Club, verwys ek na die laaste paragraaf van u skrywe van 7 Desember 1961, waarin gemeld word dat daar geen stel in die Oranje-Vrystaat bestaan nie. Dit sal op prys gestel word as u hierdie stelling kan ophelder deur te sê of daar enige van die genoemde mate en gewigte in besit van die Provinsie van die Oranje-Vrystaat is en watter items u kort om 'n volledige stel te maak. Ter verduideliking van hierdie navraag wil ek byvoeg dat sommige van die mate en gewigte in die Club gedupliseerd is en die Trustees sal dit oorweeg om sulke duplikate



Tydens die oorhandiging. Op die foto verskyn van links na regs: Sy Edele J. W. du Plessis, Administrateur van die Oranje-Vrystaat; mnr. E. J. G. Roy, Voorsitter van die *Rand Club*, Johannesburg; mnr. J. C. Macintosch, een van die Trustees van die *Rand Club*, en mnr. D. P. van der Merwe, L.P.R., Voorsitter van die Provinsiale Raad van die O.V.S.

aan die Provinsie te oorhandig wat nodig is om 'n onvolledige stel in die Oranje-Vrystaat aan te vul. Ek wil net byvoeg dat die mate en gewigte reeds so lank in besit van die Club is as wat enige van die lede kan onthou."

Na nog enige korrespondensie, het die trustees van die *Rand Club* die volgende duplikaat mate en gewigte aan die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat geskenk: 1 jaartstok; 1 boesel; 1 gelling; 1 kwart; 1 pint; 1 halfpint; 1 kwartpint; 1 15 lb. en 1 5 lb.

Met die aanbieding van hierdie stukke aan die Provinsiale Administrasie het die sekretaris van die *Rand Club* o.a. soos volg aan die Administrateur geskryf: „Die bevorderaars van die Club se belange is bly om hierdie gebaar van welwillendheid teenoor u en u Administrasie te maak."

Die *Rand Club* het aangebied om die artikels self na Bloemfontein te bring vir oorhandiging aan die Administrateur. Twee verteenwoordigers van die *Rand Club*, nl. die voorsitter, mnr. E. J. G. Roy, en mnr. J. C. Macintosch, een van die trustees en 'n voormalige voorsitter van die *Club*, het die Administrateur se uitnodiging aangeneem om bogenoemde mate en gewigte tydens die opening van die Provinsiale Raad op 22 Mei 1962, in die geskiedkundige Raadsaal aan die Provinsiale Administrasie te kom oorhandig.

Die oorhandiging het met 'n passende seremonie plaasgevind. In die teekamer van die Raadsaal, die eertydse vergaderplek van die Republikeinse Volksraad, is die betrokke stukke op 'n tafel uitgestal. Asof met stilswyende goedkeuring, het president J. H. Brand uit 'n olieverfskildery daarop neergekyk. Alles sal regkom! Namens die inwoners van die Provinsie het Sy Edele mnr. J. W. du Plessis, die Administrateur van die O.V.S., die stukke in ontvangs geneem en aan die voorsitter van die Provinsiale Raad vir veilige bewaring oorhandig.

Die teenwoordigheid van al die lede van die Provinsiale Raad en 'n aantal hoofamptenare van die Administrasie het reg laat geskied aan die waardigheid van die oomblik.

In sy toespraak het mnr. Du Plessis 'n beroep op elkeen gedoen wat moontlik een of ander item van die ou mate en gewigte in sy besit mag hê, om dit aan die Provinsiale Administrasie te skenk, wat dit dan vir die toekomstige geslagte in veilige bewaring sal hou.

Die volgende stukke ontbreek nog om die stel volledig te maak:

*Weegskale:*

Twee koper weegskale (een groot en een klein) met bakke.

*Gewigte:*

50 lb. 25 lb. 10 lb. 4 lb. 3 lb. 2 lb. 1 lb. ½ lb. ¼ lb. ⅛ lb. 1/16 lb. 1/32 lb. 1/64 lb.

*Mate:*

Halfgelling. Half gill (⅛ pint).

Dr. W. D. Kotzé.

Die korrespondensie waarna in hierdie laaste gedeelte verwys is, is met die goedgunstige toestemming van Sy Edele die Administrateur van die O.V.S. gebruik.